Christelike Biblioteek

# Amper Tuis

Ware volharding en sekerheid in die geloof is dinge wat by vandag se Christene ernstig kortkom. Dit lyk asof die vrugte van volharding en sekerheid – die ywerige gebruik van die genademiddels, volharding in diepe gehoorsaamheid aan God se wil, die begeerte na gemeenskap met God, die verlange na God se glorie en hemelse koninkryk, liefde vir die kerk en voorbidding vir herlewing – aan die afneem is. Ons moet in vandag se tye deeglike, Skrifgefundeerde kennis hê rakende volharding en sekerheid van die geloof, saam met ’n lewendige en heilige lewenswandel.

*Ons moet in vandag se tye deeglike, Skrifgefundeerde kennis hê rakende volharding en sekerheid van die geloof, saam met ’n lewendige en heilige lewenswandel.*

Wat is die “volharding van die heiliges” en wat is die “geloofsekerheid”? Hoe ondersteun volharding en sekerheid mekaar in die Christelike lewenswandel?

## Volharding van die heiliges


Ons eerste vraag moet wees: Wie is die “heiliges” as ons praat oor die volharding van die heiliges? Baie mense sou “ewige sekerheid” aan alle mense wat gedoop is of wat by groot samekomste Christus bely het, wil toedig. Die Skrif en die Gereformeerde Belydenisskrifte praat egter net van die volharding van die “heiliges”, dus die volharding van diegene wie “*sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar*” (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5, artikel 1). Volgens die Westminster Konfessie (hoofstuk 17, artikel 1) word heiliges gedefinieer as diegene wat “*God aanvaar het in sy geliefde Seun en dus geroep en geheilig is deur sy Gees*”. Deur die bewaringswerk van die Drie-Enige God (1 Korintiërs 1:8-9) sal hierdie mense volhard in die ware geloof en in dade wat uit die geloof voortvloei, solank as wat hulle in hierdie wêreld sal leef.



Sommige teoloë verkies om van die *bewaring* van die heiliges te praat, terwyl ander oor die *volharding* van die heiliges wil praat. Hierdie twee begrippe het ’n noue verbintenis, maar is nie dieselfde nie. God se bewaring ondersteun die volharding van die heiliges. Hy hou hulle in die geloof, bewaar hulle dat hulle nie afdwaal nie, en vervolmaak hulle tenslotte (1 Petrus 1:5; Judas:24). Ons kan verseker wees dat God sy genadewerk wat hy in ons begin het, sal deurvoer (Ps. 138:8; Fil. 1:6; Heb. 12:2). Deur Christus se voorspraak (Lukas 22:32; Johannes 17:5) en die medewerking van die Heilige Gees (Johannes 14:16; 1 Johannes 2:27) word gelowiges bewaar.

Tog is die volharding self ook die heiliges se lewenslange werk: om te bely dat Christus die Verlosser is (Rom. 10:9), om vrugte van genade voort te bring (Johannes 15:16), om te volhard tot die einde toe (Mat. 10:22; Heb. 10:28-29). Heiliges kan dit natuurlik slegs doen deur die bewarende werk van God in hulle (Fil. 2:13). Volharding sluit bewaring in, maar strek tog verder as bewaring.

## Geloofsekerheid



Sekerheid in die geloof is die oortuiging dat, deur God se genade, 'n mens aan Christus behoort, vergewing van alle sondes ontvang het en die ewige lewe sal beërwe. Iemand wat ware sekerheid het, glo nie bloot in Christus se verlossingswerk nie, maar wéét ook dat hy glo.

'n Mens is seker van die vryheid van skuld deur Jesus Christus, van die vreugde in God en daar is 'n gevoel dat 'n mens by Sy familie behoort. Sekerheid is ook dinamies, varieer na omstandighede en kan in krag en vrugbaarheid toeneem.

Sekerheid in die geloof word gekenmerk deur vrugte soos 'n noue gemeenskap met God, kinderlike gehoorsaamheid en 'n verlange om Hom in alle dinge te eer. Gelowiges met sekerheid beskou die hemel as hul tuiste; hulle hunker na die wederkoms van Christus, wanneer hulle "*die kroon van die geregtigheid*" sal ontvang (2 Timoteus 4:6-8).

*God se bewaring ondersteun die volharding van die heiliges... Tog is die volharding self ook die heiliges se lewenslange werk.*

## Sekerheid, dan volharding

Die vrugte van geloofsekerheid bring volharding voort. Die Dordtse Leerreëls bevestig dat gelowiges sekerheid kan hê oor hul volharding. Hierdie sekerheid is egter gegrond op "die bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid". Sonder hierdie woorde sou elke gelowige begin twyfel. As 'n gelowige in sy diens aan God misluk, sal dit watter vrug ons ook al ontdek, verpletter en alle sekerheid uitwis. Die Dordtse Leerreëls praat eers van God se uitverkiesing en bewaring en wys ons daardeur dat sekerheid gewortel is in God se soewereine genade en sy beloftes. Ja, in God Self.

Sekerheid help die gelowige eerstens om te volhard, deur hom aan te moedig om in God se genade in Christus en die beloftes van die evangelie te rus; en tweedens verskaf dit die gelowige goeie rede om 'n Christelike lewenswandel te handhaaf.



## Volharding, dan sekerheid

Die Westminster Konfessie bevestig ook die noue band tussen volharding en sekerheid. Tog gebruik dié geloofsbelydenis die volharding van die heiliges (Hoofstuk 17) as sy beginpunt, met die versekering van genade en verlossing wat daarop volg (Hoofstuk 18). Hierdie volgorde impliseer drie dinge: Eerstens dat volharding die weg baan vir sekerheid. Indien 'n mens nie *glo* in die volharding van die heiliges nie, is daar geen sekerheid dat 'n mens wel hemel toe sal gaan nie. Sekerheid is verweef met die leer van die volharding van die heiliges.

Ten tweede dien volharding as bevestiging en toename in geloofsekerheid. Diegene wat aanhou om dade wat uit die geloof voortspruit te doen, sal groot sekerheid ontvang (sien bv. WCF 17.2-18.4). Derdens bring volharding vir die gelowige hoop in die lewe. Soos gelowiges volhard, ontwikkel hulle meer vertroue in die oorwinning van Christus en hul toekoms saam met Hom (Rom. 5:1-11).

*Sekerheid in die geloof is die oortuiging dat 'n mens aan Christus behoort.*

Sommiges beweer dat hulle geloofsekerheid het, terwyl daar geen vrugte by hulle te sien is nie. Hulle sê gladweg "eens gered, altyd gered," ongeag hoe hulle lewe. Mense wat so sê, bedrieg hulself. Die teoloog John Dagg het tereg gesê:



"Dit is 'n dwase en noodlottige verleiding as mense beweer dat hulle, wanneer hulle eenmaal bekeer is, gered sal word, ongeag wat hul lewenswandel sou wees."

"Eens gered, altyd gered," 'n lering wat deur baie vandag geleer word, dra nie die volle betekenis van verlossing oor nie; so asof die regverdiging van die sondaar die een en al van die redding deur God is. Daar wórd egter dinge van 'n gelowige vereis, soos 'n totale ommekeer na God en 'n oproep om in die genade van God te groei. Mense wat hierdie valse leer aanhang, beweer dat Christene nie hul geloof moet toets volgens hoe hul lewe nie. Deur so 'n lering word mense geleer dat geloof in 'n vakuum kan voortbestaan en dat die gelowige nie die wet as 'n lewensreël nodig het nie. Die gevolg is "antinomianisme" (anti=teen; nomos=die wet) – mense wat nie glo in die goeie weg wat God ons in Sy gebod wys nie.

## Alles vanuit God se genade

*Volharding en sekerheid*
*is twee kante*
*van dieselfde muntstuk.*

Volharding en sekerheid is twee kante van dieselfde muntstuk. 'n Mens kan nie volhard in genade sonder 'n groeiende sekerheid nie. 'n Mens kan nie groei in sekerheid in die geloof sonder volharding nie.

Die groei vind nie sommer maklik plaas nie, maar is haalbaar deur God se genade.

Met 'n heerlike sekerheid van volharding kan ons saam met John Newton van God se wonderlike genade sing:



*Through many dangers, toils and snares,*
*I have already come.*
*'Tis grace that brought me save thus far,*
*and grace will lead me home.*

*(Deur baie gevare, geswoeg en strikke,*
*het ek alreeds gekom*
*Dit is genade wat my reeds so ver gebring het.*
*en genade sal my huis toe lei.*
*Vrylik vertaal)*

Joel Beeke

© 2017
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Hardus Engelbrecht vertaal.*